
# DIE EENDJIENUUS

Uitgawe 13: 17 April 2026



## Belangrike inligting:

| | |
|---|---|
| Datums | Bl. 3 |
| Top 10 Akademie | Bl. 6 |
| Fliekaand | Bl. 10 |
| Moedersdagverkope | Bl. 12 |



# Uit die kantoor

- Oranje se 119de verjaarsdag is verlede Vrydag luisterryk by die Vrouemonument gevier. Oud-Oranjes van oor die hele land en oorsee het die naweek se verjaarsdagvieringe saam met die Oranje-meisies en -personeel bygewoon.

  Louzeth Jacobs (Schutte), hoofdogter 2006, het die verrigtinge geopen met skriflesing en gebed. Juliana Gautier (Steyn), hoofdogter 1976, was die spreker van die oggend. Verskeie kranse is deur die verskillende Oud-Oranjes se jaargroepe gelê. Almy Wessels, hoofdogter van die laerskool, het 'n krans namens die laerskool op pres. Steyn se graf gelê. Carien Fourie, hoofdogter van die hoërskool, het 'n verjaarsdag-boodskap gelewer.

  Sondag is die verjaarsdagvieringe met 'n kerkdiens, gelei deur Prof. Jan-Albert van den Berg, in die Klipkerk afgesluit. Die seniorkoor het saam met die hoërskoolkoor tydens die diens opgetree en pragtig gesing.
- 'n Groot dankie aan mev. Lindlle Piechaczek en die graad 6-ouerkomitee wat die funksie by die Vrouemonument vir die Oud-Oranjes gereël het.
- Baie geluk aan die netbalspanne wat in die A-liga teen Universitas en Onze Rust gespeel het en die B-liga wat teen Brandwag en Dr. Viljoen netbal gespeel het. Uitslae op bladsy 4 en 5. Baie sterkte vir volgende week se netbalwedstryde: A-liga teen Willem Postma laerskool en B-liga teen Eunice laerskool.
- Baie sterkte aan die o. 7- tot o. 9-dogters wat vanmiddag aan Willem Postma se netbaldag deelneem.
- Baie sterkte aan die dogters wat môre aan die ATKV-redenaars streeksuitdunne in Welkom gaan deelneem.
- Die skool verdaag op Vrydag, 24 April, en Donderdag, 30 April, om 11:45 vir die twee langnaweke. Middagstudie gaan normaal voort.

# BELANGRIK

| | |
|---|---|
| 17 April: | Ouermiddag: Koshuisouers<br>Netbal: Mininetbal Festival by Willem Postma o. 7 - o. 9<br>ATKV-Redenaars: Streeksuitdunne Welkom |
| 18 April: | Tannie Béneli verjaar (Koshuis)<br>ATKV-Redenaars: Streeksuitdunne Welkom<br>Seniorkoor: Oefenkamp 09:00 - 13:00 |
| 20 April: | Fliekaand |
| 21 April: | Voedselprojek Gr. 1C<br>Netbalproewe o. 12/o. 13 Groep 2 |
| 23 April: | Voedselprojek Gr. 7A<br>A-netballiga 3:  Willem Postma vs OMS<br>B-netballiga 3:  Eunice vs OMS |
| 24 April: | MMED Finale Netbalproewe o. 12/o. 13<br>Skool verdaag 11:45 |
| 27 April: | Vryheidsdag |
| 28 April: | Tannie Desire verjaar (Preprimêr)<br>Voedselprojek Gr. 7B<br>Boek Buddies<br>o. 11-Limodo-tennistoernooi vertrek |
| 29 April: | o. 11 Limodo tennistoernooi<br>o. 13A Absa Wildeklawer Netbaltoernooi vertrek |
| 30 April: | Juf. Celeste verjaar<br>Voedselprojek Gr. 7C<br>Skool verdaag 11:45<br>o. 11 Limodo tennistoernooi<br>o. 13A Absa Wildeklawer netbaltoernooi |

# Netbal

Oranje het op Donderdag, 16 April, die 2de netballiga wedstryd van die kwartaal gespeel op hulle tuisveld. Die uitslae is as volg:

Ligawedstryd 2:
<u>A-liga: OMS vs Onze Rust:</u>

| | |
|---|---|
| o.10A Gelykop 12 -12 | o.11A Wen 10-5 |
| o.10B Wen 9-5 | o.11B Wen 22-2 |
| o.10C Gelykop 8-8 | o.11C Wen 14-0 |
| o.10D Wen 12-2 | o.11D Wen 27-0 |
| o.12A Wen 14-10 | o.13A Wen 18-10 |
| o.12B Wen 19-10 | o.13B Wen 16-12 |
| o.12C Wen 15 -11 | o.13C Verloor 14-15 |
| o.12D Wen 12-4 | o.13D Wen 15-2 |

OMS speel 16 wedstryde:
Wen: 13
Gelykop: 2
Verloor: 1

Hierdie dogters het netbal gespeel van hoogstaande gehalte. Baie geluk met die uitslae!

<u>B-liga: OMS vs Dr Viljoen:</u>
Die E- en F-spanne speel teen die A- en B-spanne van die opponent.

| | |
|---|---|
| o.10E Verloor 1-20 | o.11E Verloor 0-11 |
| o.10F Wen 4-3 | o.11F Wen 6-2 |
| o.12E Verloor 2 -27 | o.13E Verloor 1-11 |
| o.12F Verloor 0-17 | o.13F Verloor 0-6 |

OMS speel 8 wedstryde:
Wen: 2
Verloor: 6

Dankie dogters vir julle deursettingsvermoë. Geniet julle netbal!




# Tennis

Die volgende dogters het 10 en 11 April 2026 in die Round Robin Tennistoernooi in Bloemfontein gespeel en die volgende prestasies behaal:

<u>Isabella van der Westhuizen:</u>
Enkels 2de
Dubbels 1ste

<u>Mikela Kritzinger:</u>
Enkels 1ste

# Perdry

Op 11 April het verskeie leerlinge aan die SANESA Schools Free State CL qualifier 2 Perdry skou deelgeneem wat by die Bloemfontein equestrian club gehou is.

| | | |
|---|---|---|
| Marina Marx: | Novice Show riding, Vlak 3 | 1ste |
| | Novice Dressage Toets 1, Vlak 3 | 1ste |
| | Novice Dressage Toets 2, Vlak 3 | 1ste |
| Olivia Laubser: | Showing: Working Riding Class - Off lead, Vlak 0 | 1ste |
| | Dressage: Proficiency Test - Off lead, Vlak 0 | 1ste |
| Zané Buys: | Working Riding | 1ste |
| | Show Jumping 60cm | 1ste |
| Kiara van der Merwe: | Dresseer toetse | 1ste |
| Ariana de Wet: | Show Jumping Accumulator | 2de |
| | Dressage | 1ste |
| | Show Jumping | 2de |
| Lika Jordaan: | Show jumping | 1ste |
| | Show jumping | 2de |

# Sport

# Netbal

Gedurende Saterdag, 11 April 2026, het die volgende ouderdomsgroepe netbal gespeel by verskillende skole in Bloemfontein. Dit was ook ons 1ste ligawedstryd van die seisoen vir beide die A- en die B-liga. Die uitslae is as volg:




Ligawedstryd 1: OMS vs Universitas:
A-liga:
(Elke ouderdomsgroep het gespeel by die skool waar die toernooi aangebied is.)

| Gespeel op JF se bane | | | Gespeel op Bfn Laer se bane | | |
|---|---|---|---|---|---|
| o.10A | *Wen* | 20-8 | o.11A | *Wen* | 16-10 |
| o.10B | *Wen* | 15-5 | o.11B | *Wen* | 7-5 |
| o.10C | *Wen* | 15-8 | o.11C | *Wen* | 16-5 |
| o.10D | *Wen* | 20-3 | o.11D | *Wen* | 16-3 |
| Gespeel op FHP se bane | | | Gespeel op PBS se bane | | |
| o.12A | *Wen* | 20-11 | o.13A | *Wen* | 16-8 |
| o.12B | *Wen* | 15-8 | o.13B | *Verloor* | 7-16 |
| o.12C | *Wen* | 15-4 | o.13C | *Wen* | 17-14 |
| o.12D | *Wen* | 25-4 | | | |

<u>OMS speel 15 wedstryde:</u>
Wen: 14
Verloor: 1
Die dogters het die dag baie geniet en goeie netbal gespeel.




Ligawedstryd 1: OMS vs Brebner (Al die onderstaande spanne het by Fauna Primêr gespeel) B-liga: Die E- en F-spanne speel teen die A- en B-span van die opponent.

| OMS vs Brebner | | | OMS vs Brebner | | |
|---|---|---|---|---|---|
| o.10E | *Verloor* | 21-0 | o.11E | *Verloor* | *25-1* |
| o.10F | *Verloor* | 30-0 | o.11F | *Verloor* | *8-2* |
| OMS vs Brebner | | | OMS vs Brebner | | |
| o.12E | *Verloor* | 30-0 | o.13E | *Verloor* | *45-0* |
| o.12F | *Verloor* | 35-1 | o.13F | *Verloor* | *30-0* |

<u>OMS speel 8 wedstryde:</u>
Wen: 0
Gelykop: 0
Verloor: 8
Dankie aan elke dogter wat haar beste gegee het en nie moed opgegee het nie.



Hier volg die res van die netbaluitslae van o.10 tot o.13 wedstryde:

| Ouderdoms-groep | Uitslae: | Ouderdoms-groep | Uitslae: |
|---|---|---|---|
| o.10A | Wen 2 + Verloor 1 | o.11A | Wen 5 |
| o.10B | Wen 2 + Gelykop 1 | o.11B | Wen 4 + Verloor 1 |
| o.10C | Wen 2 + 1 Gelykop | o.11C | 3 Wen + 1 Verloor |
| o.10D | Wen 3 | o.11D | 4 Wen |
| o.12A | Wen 5 + Verloor 1 | o.13A | Wen 2 + Verloor 1 |
| o.12B | Wen 6 | o.13B | Wen 2 + Verloor 1 |
| o.12C | Wen 4 + Verloor 1 | o.13C | Wen 4 |
| o.12D | Wen 4 | o.13D | Wen 1 + Gelykop 1 |



Daar word geen telling by die o.7 tot o.9 spanne gehou nie. Hierdie dogters geniet elke wedstryd wat hulle speel en so word sterre gebou vir die toekoms. Dankie aan elke afrigter wat elke wedstryd met grasie hanteer het. Dankie ook aan ons ouers wat die dogters langs die baan ondedersteun en aanmoedig.

# Top 10 Akademie












# Oranje vier 119 jaar!

Op 11 April het Oranje haar 119de verjaarsdag gevier. Dit bly 'n ongelooflike spesiale geleentheid vir elke dogtertjie, onderwyser en Oud-Oranje. Van regoor die wêreld kom almal bymekaar om hierdie merkwaardige skool se verjaarsdag te vier.














## Los-alles-en-leesdag

Woensdag, 15 April, was Los-alles-en-Leesdag! Elke dogter het vir 'n halfuur in haar Afrikaanse storieboek verdiep. Boeke word by die biblioteek uitgeneem en in die klasse gehou sodat die dogters elke Woensdag die eerte periode kan lees. So word 'n spesiale tyd geskep om 'n liefde vir lees te kweek.




## Oppie tong af Redenaars

Die volgende leerlinge het op 11 April deelgeneem aan die Oppitong-af Redenaarskompetisie en soos volg presteer:

| | |
|---|---|
| Mayah Holtzhauzen | A+ |
| Katelyn Kotze | A+ |

# Kultuur

# DANS

Die volgende dansers het op 11 April 2026 aan die Ultimate Summer Championship Wêreldkwalifiserende Dans-kompetisie by Bobbiespark, Bloemfontein deelgeneem:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Shinique Slater : | 10 tot 11 jaar | Slowdance | 5de |
| | 10 tot 11 jaar | Solo | 6de |
| Ninique Roestoff: | 12 jaar en jonger | Wêreldkwalifiserende rondte | 3de |
| | 10 tot 11 jaar | Girl Champ Solo | 5de |
| | 12 jaar en jonger | Wêreldkwalifiserende rondte Disco Dance Solo | 5de |
| | 12 jaar en jonger | Wêreldkwalifiserende rondte Disco Slowdance Solo | 3de |
| | 12 jaar en jonger | Wêreldkwalifiserende rondte Disco Duos-dogters | 2de |
| | 12 jaar en jonger | Champ Freestyle Couples | 2de |
| | 12 jaar en jonger | Champ Rock n Roll | 1ste |
| Zelri Scott: | 8 tot 9 jaar | Rising Star Slowdance Solo | 2de |
| | 8 tot 9 jaar | Rising Star Freestyle Solo | 3de |
| Ansuné Swanepoel: | 10 tot 11 jaar | Beginner Freestyle Solo | 6de |
| | 10 tot 11 jaar | Beginner Slowdance Solo | 4de |
| Denise Breytenbach: | 12 jaar en jonger | Wêreldkwalifiserende rondte Kampioenskap Disco Duo | 1ste |
| | 12 jaar en jonger | Kampioenskap Freestyle Couples | 1ste |
| | 12 jaar en jonger | Wêreldkwalifiserende rondte Kampioenskap Disco Dance Solo Dogters | 2de |
| | 12 jaar en jonger | Wêreldkwalifiserende rondte Kampioenskap Disco Slowdance Solo Dogters | 2de |
| | 12 jaar en jonger | Kampioenskap Rock a Roll Duo | 2de |
| Roselynn van Niekerk: | 13 tot 14 jaar | WTC Disco small group | 1ste |
| | 13 tot 14 jaar | WTC Disco slow | 1ste |
| | 13 tot 14 jaar | WTC Disco duo | 1ste |
| | 12 tot 15 jaar | Rock & Roll Rising Star | 1ste |
| | 13 tot 14 jaar | WTC Disco solo | 2de |
| | 10 tot 11 jaar | Prem Champ solo | 2de |
| | 10 tot 11 jaar | Prem Champ slow | 2de |
| | 13 tot 14 jaar | WTC Disco Freestyle | 3de |
| | 14 jaar en jonger | Prem Champ World Qualifier | 3de |
| | 12 tot 15 jaar | Champ Freestyle couples | 3de |




## LIEF EN LEED

Baie welkom aan Amelia Kleynhans (Gr. 5B), Annebel Schoeman (Gr. 6C) en Rebekah Schoeman (Gr. 3A).

Ons hoop julle voel sommer al klaar tuis hier en dat julle baie gelukkig by Oranje gaan wees!



## LIEF EN LEED

Ons dink aan Skye Futter en haar familie met die afsterwe van haar ouma. Mag al die mooi herinneringe van haar julle troos in die moeilike dae wat kom.


# Boek Buddies

REDHEAD PRODUCTIONS

Opvoedkundige kinderproduksie wat Afrikaanse leesboeke lewendig bring op die verhoog.

## 28 APRIL 2026





**OUERS KAN OP KARRI BETAAL**

**R 25.00**


Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Moedersdag Mark
5 - 8 Mei
Di. 5 Mei - Do. 7 Mei verkope by OMS Gimsaal
Tye: 07:00 - 07:30
09:00 - 10:00
11:00 - 14:00
Vrydag, 8 Mei verkope voor kantoor vanaf 07:00 - 14:00
Kontant- en Kaartfasiliteite beskikbaar.
Verskeie produkte op Karri ook beskikbaar. Ontvang items op Vrydag, 8 Mei.


Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Protea Blomme
Protea Bossie
R290
Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Protea Blomme
Protea Boksie rangskikking
R290
Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Handgeverfde Platter Borde
Verpersoonlike familie/mamma/ouma bord
R600
Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Saucy Chocolate Poeding - 1150g (Groot)
R181
Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Beef Lasagne - 1350g (Groot)
R212
Primêre Meisieskool Oranje bied aan
Hoenderpastei- 1250g (Groot)
R212



# Gedagte vir die week

**’n Sagte herinnering aan ons almal langs die sportveld en op sosiale media**

Nou dat wintersport weer begin, is dit dalk ’n goeie tyd om net weer stil te raak en te onthou waaroor dit regtig gaan.

Sport is een van die mooiste lewensklaskamers wat ons kinders ooit sal hê. Dis waar hulle leer om te wen sonder hoogmoed… en te verloor sonder om hulself te verloor. Dis waar karakter gevorm word — nie net spelers nie.

Maar partykeer, van die kantlyn af of agter ’n skerm, vergeet ons dat daardie spelers op die veld nog steeds iemand se kind is.

Voordat jy iets sê of plaas, vra jouself: “Bou dit op… of breek dit af?”

Want kyk net watter lewenslesse lê in elke wedstryd:

Wanneer ’n kind op die bank sit en nie speel nie… leer hy geduld en deursettingsvermoë.

Wanneer ’n fout gemaak word voor almal… leer hulle nederigheid en hoe om weer op te staan.

Wanneer die span verloor… leer hulle dat waarde nie in ’n telling lê nie.

Wanneer hulle wen… leer hulle dat respek vir die opponent altyd belangriker is as die oorwinning self.

Maar hier is die waarheid: Daardie lesse word versterk… of vernietig… deur wat van die kantlyn af gesê word.

Wanneer ’n ouer skree: “Jy moes dit beter gedoen het!” hoor die kind: “Ek is nie goed genoeg nie.”

Wanneer iemand op sosiale media sê: “Hulle het sleg gespeel” hoor ’n kind: “Ek het gefaal.”

Maar wanneer iemand sê: “Ek is trots op jou poging” dan hoor hulle: “Ek is meer as net my prestasie.”

Ons kinders kyk na ons. Hulle leer nie net hoe om sport te speel nie — hulle leer hoe om mense te wees.

Sport gaan nie net oor wen nie ... dit gaan oor die liefde vir die spel.

Dit gaan oor:
- opdaag, selfs wanneer dit moeilik is.
- ander te respekteer, selfs wanneer emosies hoog loop.
- jouself te verbeter, eerder as om ander af te breek.

Die sportveld moet ’n plek wees waar kinders: veilig voel om te probeer,
vry voel om foute te maak,
en sterk genoeg voel om weer op te staan.

Kom ons kies doelbewus:
- om harder te klap as wat ons kritiseer.
- om eers te verstaan voordat ons oordeel.
- om altyd die mens raak te sien agter die speler.

Staan langs die veld nie om af te breek nie, maar om op te bou.
Want elke speler daar buite is iemand se kind… iemand se trots… iemand se hele wêreld.

En eendag, wanneer die wedstryde verby is en die skoene uitgegroei is,
sal hulle nie onthou wat die telling was nie…
maar hulle sal onthou: wie het in hulle geglo,
wie het hulle opgebou
en wie het hulle laat voel hulle is genoeg.

Dis net ’n herinnering — die impak wat ons het, langs die veld of agter ’n sleutelbord, bly lank.

Kies dat jou woorde ’n veilige plek sal wees.
Kies dat jou teenwoordigheid lig sal bring.
Geniet elke oomblik langs die sportveld…
dit gaan verby vinniger as wat jy dink.

# Pos beskikbaar

## C EN N PRIMÊRE MEISIESKOOL ORANJE

Die Beheerliggaam wag aansoeke in vir ondergenoemde pos:

## BORNMANHUIS: KOSHUISMOEDER VIR GR. 1 EN 2 DOGTERS (ENKEL PERSOON)

**Vereiste gesertifiseerde dokumente wat aansoek moet vergesel:**

- Volledige CV met verwysings
- Bewys van kwalifikasies
- Geldige rybewys
- ID-dokument
- Polisieklaring of bewys dat daarvoor aansoek gedoen is
- Klaring teen die Nasionale Register vir seksuele oortreders

**Aanbeveling:**

- Toepaslike ondervinding
- Goeie werksetiek
- Sterk administrasie en kommunikasievaardighede.
- Moet goeie verhoudings met ouers kan handhaaf
- 'n Passie om met kinders te werk en die vermoë om 'n veilige en liefdevolle omgewing te kan skep

**Diensaanvaarding: Maandag. 18 Mei 2026**

**Sluitingsdatum** vir aansoeke: **Vrydag, 24 April 2026** om **13:00**

**Rig aansoeke aan:** Die Skoolhoof, Aliwalstraat 99, Bloemfontein, 9301 - Tel: 051-447 6845

**Handig CV per hand by Primêre skool se kantoor in of stuur per e-pos aan kantoor@oranjeprimer.co.za.**

**Geen terugvoer binne twee weke na sluitingsdatum beteken dat u nie suksesvol in u aansoek was nie.**